83-1639 KITAL

Is dans sonde?

Ds J C de Lange

1639

Waarom dans?

Dans is eeue oud. Dans word deur die eeue heen om verskillende redes en by verskillende geleenthede beoefen. Om maar enkeles waarvan die Bybel praat, te noem:

Na die deurtog deur die Skelfsee het al die vroue agter Mirjam aan met tamboeryne en in koordanse uitgegaan (Eks 15:20).

Met sang en koordanse word koning Saul tegemoet gegaan om die duisende wat Saul verslaan het en die tienduisende wat Dawid verslaan het, te gedenk (1 Sam 18:6).

Terwyl die ark na Jerusalem gebring word, het Dawid en die hele huis van Israel 'n godsdienstige dans uitgevoer (2 Sam 18:5, 14).

Ten tye van een of ander feesgeleentheid, die hutte- of wingerdfees, trek die dogters van Silo uit om koordanse uit te voer (Rigt 21:21).

Tydens feestelike optogte na die heiligdom ter herdenking van die groot oorwinning vir die saak van God (Ps 68:25, 149:3).

Heródias dans om die koning te behaag (Matt 14:6).

Of sommer net dans in die algemeen (Matt 11:17).

Dit is voorts bekend dat by bepaalde godsdienstige feeste mense gedans het om uiting te gee aan hulle godsdienstige gevoelens. Meermale het sulke feeste uitgeloop op growwe onsedelikheid. (Vergelyk in die *Christelijke Encyclopedie* 'n volledige beskrywing van dans).

Waarteen ons egter moet waak, is om uit die Bybel òf dans te regverdig, òf dans te veroordeel. Hierdie aanhalings uit die Bybel word hoegenaamd nie gemaak om dans te regverdig of te veroordeel nie. Dit word alleen gestel om te toon dat dans eeue oud is en dat dans by verskillende geleenthede beoefen is.

Waarom mense vandag nog dans, spruit sekerlik ook voort uit verskillende beweegredes. Die mees algemene rede is seker dat daar vir blote ontspanning en plesier gedans word. Bekend is ook volksdanse as uitdrukking van ons volksgevoel. Dans word voorts beoefen as 'n kuns, soos in opera en ballet. Dit word ook aangebied en beoefen in asemrowende, geoefende tempo, soos by klopdanse.

Teen hierdie agtergrond is dit reeds duidelik dat 'n algehele veroordeling van dans as sodanig nie moontlik is nie. Die kerk kan ook nie die standpunt huldig dat dans as sodanig sondig is nie.

Bepaalde vorme van dans

Nou kan ons uit die situasie daartoe oorgaan om bepaalde

vorme van dans goed te keur en ander vorme van dans weer af te keur.

Daar is mense wat alle vorme van dans goedkeur, behalwe die vorm waar twee persone met mekaar dans, in dieselfde pas in een of ander vorm van omhelsing en gevolglike liggaamlike aanraking. Klaarblyklik is die liggaamlike aanraking die rede vir die afkeur. Die beswaar is dat die dansmaats mekaar subtiel of selfs openlik seksueel prikkel deur aanraking, beweging of gesprek in die oor.

Daar is mense wat alle dansvorme aanvaar behalwe die vorm waar die danspaar los van mekaar dans en die passe en bewegings uitvoer na eie inisiatief en smaak. Omdat hierdie vorm van dans hom daartoe leen om allerlei suggestiewe bewegings te maak, word dit deur sommige mense verwerp.

Daar is mense wat alle dansvorme wat kunstig van aard is aanvaar, maar die dans wat ingestel is op ontspanning of plesier word veroordeel. Die ontspanning of die plesier word dus die rede vir die afkeur. Ons kan dans goedkeur of afkeur afhangende van die musiek wat daarby gespeel word. Sou dit 'n stadige of statige tempo handhaaf, dan word die gepaardgaande dans aanvaar. Wanneer die musiek egter 'n driftige tempo het of as die dans saam met psigedeliese musiek beoefen word, word dit verwerp.

Die voorbeelde van klassifisering van dans in een of ander vorm kan nog uitgebrei word. Die groot vraag bly egter waar om die streep te trek. Sou dit enigsins moontlik wees om iewers 'n streep te trek? Enige vorm van klassifisering word in elk geval uitgelewer aan persoonlike smaak en willekeur.

Feit is dat op een en dieselfde dansvloer beoefenaars is wat behoorlik met vreugde en grasie ontspanning geniet terwyl ander dieselfde dans misbruik vir allerhande verkeerde sake.

Deur dans sonde

Dit is moontlik om by die dilemma van waar om die streep te trek, dans as sodanig nie te veroordeel nie, en ook nie bepaalde vorme van dans te verwerp nie, maar wel te argumenteer dat dans onaanvaarbaar is omdat deur dans sonde ontstaan. Dan word daar verwys na die feit dat misbruik van drank en dwelmmiddels op danspartye plaasvind. Of daar word verwys na die feit dat teenoorgestelde geslagte deur die dans seksueel so geprikkel word dat dit uitloop op onsedelikheid. Groot jaloesie en ernstige huweliksonenigheid ontstaan tussen getroude persone wanneer een van die eglede te min aandag aan die eie man of vrou skenk en te veel met 'n ander persoon rinkink. Dit, en soveel meer is feite. Feit is egter ook dat drank- en dwelmmiddelmisbruik nie net by

danspartye voorkom nie. Die meeste drankmisbruik vind waarskynlik by drinklokale plaas. Die meeste dwelmmiddelmisbruik vind miskien in privaat woonhuise plaas. Die algemeenste huweliksonenigheid spruit dan voort uit werksituasies. Seksuele prikkeling wat uitloop op onsedelikheid vind plaas in motors, woonstelle, sitkamers, inryteaters of wie weet waar nog.

Wanneer ons bepaalde plekke en gebeurtenisse begin etiketteer as onheilsplekke, dan bly ons naderhand in een of ander vorm van afsondering. Dan dwing ons die gelowige in 'n soort klooster en as ons later die klooster moes ontleed, sal ons ook dié uiteindelik wil vernietig. Trouens dit is nie die plek wat verkeerd is nie. Dit is nie die saak wat boos is nie. Dit is die persoon wat op die plek is en die persoon wat die saak beoefen wat van die plek en die saak 'n sonde kan maak.

Gebruike verander

Met die gang van die beskawing het gevestigde gebruike telkens in onbruik geraak en nuwe opvattinge het nuwe gebruike en gewoontes meegebring. Hierdie nuwe gebruike en gewoontes is dikwels afgewys as oneties, banaal of onsedelik. Dit is veral die geval ten opsigte van kleredrag, lewensgewoontes of ontspanningsaktiwiteite. Mettertyd word van hierdie afgekeurde aangeleenthede tog later tot aanvaarde lewensvorme verhef. By 'n terugblik word van die ouere dinge dan weer komies, onhigiënies of barbaars bevind.

Dit het in ons dae veral gebeur ten opsigte van musiek en dans. Die moderne musiek is so ingrypend anders, dit het so 'n meesleurende tempo en ritme, dit word begelei met selfs skokkende woorde en dit het meermale meer op die oog as bloot musiek. Dit het die medium geword vir die dra van bepaalde ideologieë en boodskappe. Omdat die musiek so ingrypend anders is, is dansvorme ook ingrypend anders. Soos ons vandag oor bepaalde moderne vorme van dans voel, so het mense ook gevoel oor die wals. Die tempo van die wals was by sy verskyning ingrypend anders en was uiters meesleurend. Wanneer ons vandag egter daarop terugkyk dan verstaan ons nie waarom mense eeue gelede soveel beswaar gehad het teen die wals nie. Mag dit waar wees dat ons nageslag ook later dieselfde gaan oordeel oor ons wat nou beswaard voel oor moderne dansvorme!

Die beoefenaar

Van watter kant af ons die saak ook al bekyk, dit blyk dat daar nie 'n waterdigte manier is om hierdie saak wat ons dans noem, te verwerp nie. Tog het die bespreking tot dusver

telkens op een aspek teruggekom, naamlik die beoefenaar, nie die saak nie; die mens, nie die dans nie.

Aan die mense van alle tye het die Bybel wel 'n boodskap. Daar is vir die beoefenaar van welke vorm van dans ookal en daar is vir die beoefenaar van dans op welke plek ookal 'n boodskap uit die Bybel. En hierdie boodskap sal presies dieselfde wees as vir die mens wat enigiets anders beoefen of vir die mens wat homself op enige ander plek bevind. Die boodskap vir die danser saam met meesleurende musiek is soos die boodskap aan mense wat deel is van 'n opgesweepte massa toeskouers by 'n sportbyeenkoms. Die boodskap vir die danser in 'n intieme omhelsing met die dansmaat is dieselfde as die boodskap aan die paartjie wat in die motor by die inry-teater saam is. Die boodskap aan die danser op die geselligheid waar drank vrylik beskikbaar is, is dieselfde as die boodskap aan die persoon wat in die drinklokaal van die hotel verkeer. Die boodskap aan die dansmassa in die ontspanningsaal onder die geklank van woorde wat 'n bepaalde ideologie verkondig, is dieselfde as die boodskap aan die massa wat 'n politieke vergadering bywoon of die mense wat daagliks blootgestel is aan die ideologieë wat aanslag maak op hulle gees deur middel van massakommunikasiemedia, byvoorbeeld die koerante, radio en televisie. Die boodskap aan die getroude persoon wat die dansbaan benut om hom of haar te geniet met 'n ander persoon, is dieselfde boodskap as wat gerig word aan die persone wat uitbreek met kantoorromanse.

'n Bybelse boodskap is aan alle mense, op alle plekke onder enige omstandighede. Trouens dit is presies dieselfde boodskap as die wat gerig word aan die gemeente wat Sondag in die erediens saamgekom het.

Bybelse boodskap

Uit die ryke skat van Bybelwaarde oor die onderwerp soos nou gestel, word die volgende aangestip.

Waardiglik wandel

Die gelowige mens is geroepe tot 'n onberispelike gedrag. Die Bybel eis van ons om ons te weerhou van allerlei verkeerde handelinge. Hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Koop die tyd uit omdat die dae boos is.

Die boodskap word gerig tot alle mense – soos aan die mens in die kerk so ook tot die mens op die dansbaan. Gedra julle waardiglik. Bring in berekening dat die persoon met 'n voorbeeldige gedrag, respek afdwing op enige plek. Die paartjie wat 'n geselligheid bywoon en hulle daar soos op

ander plekke laat ken as mense met 'n waardige lewenswandel, dwing nie net respek af nie, maar dra ook 'n boodskap uit en betoon hulle die sout van die aarde.

Gee ag op die dade van die Here

In Jesaja 5:12 lees ons die volgende: En daar is siter en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd; maar op die dade van die Here gee hulle geen ag nie, en die werke van sy hande sien hulle nie!

Dit is uiters noodsaaklik dat ons die regte balans sal hou. Aan baie van ons mense moet ons dit stel dat ons nie net van plesier en ontspanning kan leef nie. Die kerk wil geen mens verbied om te ontspan en te geniet nie. Maar daar is ook perke. Daar is 'n uiters noodsaaklike balans tussen werk en spel wat ons moet handhaaf. Wie net werk is net so ongebalanseerd as die persoon wat net ontspan.

Daar kom nog 'n ander aspek, naamlik ons verbondenheid aan en betrokkenheid tot die Here. Hier is dit nie net 'n kwessie van balans alleen nie, maar ook 'n saak van prioriteite. Om ag te gee op die dade van die Here en om die werk van sy hande te sien, is 'n groter prioriteit as die so noodsaaklike ontspanning en die onontkombaarheid aan arbeid.

Die werke van God

Aan alle mense, van alle tye, op alle plekke kom die boodskap oor die werke van God waarop ons ag moet gee.

So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Wie ag gee op die werke van God, glo in Jesus Christus as die Verlosser van ons sondige mense.

('n Uitgawe van die Raad vir Studentebearbeiding
Ned Hervormde Kerk)

HAUM

Posbus 460, Pretoria

Gedruk deur N.H.W.-Pers, Posbus 18061, Hercules 0030